Graad 2: Maandag, 11 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: gl-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. glasbak, uitglip: glas + bak ; uit + glip ; af + gly ; ge + glo ; pos + gleuf ; seep + glad ; glans + blad ; gloei + lamp
Geheuesin	Die bome se blare verkleur in die herfs. (Onthou: Jy moet elke dag jou geheuesin neerskryf, net soos wanneer jy dit vir huiswerk gekry het.)
Lees & Begrip	Lees Die Groot Vyf (Werkvel 1) én Buffels (Werkvel 2) en beantwoord dan die volgende vrae mondelings of skriftelik: - Noem die 5 diere wat deel uitmaak van die Groot Vyf. - Hoekom het hulle spesifiek hierdie diere gekies vir die Groot Vyf? - Wat noem mens 'n klomp buffels bymekaar? - Wat doen buffels as daar gevaar is?
Taalwerk: Teenwoordige tyd	Hierdie week gaan ons kyk na teenwoordige tyd. Gebruik Werkvel 4 om te leer en te oefen om sinne in die teenwoordige tyd oor te skryf.
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 5'e van 0 – 140 en dan weer terug in 5'e van 140 – 0. Tel aan in 10'e van 0 – 140 en dan weer terug in 10'e van 140 – 0.
Getalle & bewerkings	6 + 1 = ; 38 – 5 = ; 14 + 5 = ; 24 – 3 = ; 29 + 3 = ; 13 – 2 = ; 5 + 1 = 8 – 1 = ; 35 + 4 = ; 39 – 5 = ; 13 + 5 = ; 25 – 3 = ; 28 + 3 = ; 9 – 1 = 34 + 4 = ; 14 – 2 = ; 45 + 3 = ; 49 – 4 = ; 37 + 5 = ; 42 – 3 =
Woordsom	Elmi koop 35 lekkers. Sy verdeel dit tussen 3 maats. Hoeveel **lekkers** kry elkeen en hoeveel **bly oor**? *Wenk: Deel eers die tiene uit en dan die ene. Gee dus eers vir elkeen 10 (10+10+10=30) en deel dan die 5 uit.*
Konsep van die dag: Pylnotasie (plus)	Ons het al geleer om tweesyfergetalle op te breek in tiene en ene wanneer ons dit bymekaar tel. Vandag leer ons 'n nuwe metode om hierdie somme uit te skryf. Ons noem dit ***Pylnotasie +*** in Graad 2. Gebruik Werkvel 5 om hierdie metode aan te leer. Doen dan hierdie somme met die pylnotasiemetode: 17 + 15 ; 24 + 18 ; 29 + 22
Lewensvaardigheid	
Wilde diere	Hierdie week se tema handel oor die Groot Vyf. Vandag leer ons meer oor Buffels. (Werkvel 1 én Werkvel 2)

Graad 2: Dinsdag, 12 Mei 2020

Engels	
Phonics: I - sound	Woorde op bl. 11 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat.
Sentence	Skryf die sin op bl. 11 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading	Leesstuk nommer 12 op bl. 39 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees.
Speaking & Vocabulary	Hierdie aktiwiteite word slegs mondelings gedoen: 1. Do you know the days of the week? 2. Which activity do you do on each day of the week? (Moedig die leerders aan om in volsinne te praat. Fokus op die uitbreiding van woordeskat. Bv: "On Sunday our family goes to church.") 3. Which activities do you do in the morning, afternoon and night?
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 2's van 100 – 140 en dan weer terug in 2's van 140 – 100. Tel aan in 1'e van 100 – 140 en dan weer terug in 1'e van 140 – 100.
Getalle & bewerkings	Vandag kyk ons weer na somme in 'n ruiteblok. Onthou dit is nie treintjiesomme nie! Werk elke keer met die eerste getal. (Werkvel 3)
Woordsom	Ons het 29 lemoene. Ons deel dit in 2 sakke. Hoeveel l**emoene** is in elke sak en hoeveel **bly oor**?
Konsep van die dag: Grafieke	Hersien die volgende begrippe: **som van** = plus ; **altesaam** = plus ; **verskil tussen** = minus. Doen nou die grafiek om te kyk of jy hierdie en ander bekende databegrippe kan baasraak. (Werkvel 7)
Lewensvaardigheid	
Wilde diere	Vandag leer ons meer oor olifante. (Werkvel 6)

Graad 2: Woensdag, 13 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: gr-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. dolgraag, gruispad: graf + steen ; gras + perk ; grof + ste ; tuin + graaf ; gruis + pad ; groot + mens ; groen + span ; groei + pyn ; soen + groet ; grys + kop ; vis + graat
Geheuesin	Die bome se blare verkleur in die herfs.
Lees	Lees die leesstuk oor leeus. Probeer om dit vlot te lees. (Werkvel 8)
Skryf	Skryf sinne met die volgende woorde: grasperk, visgraat, grootmens
Taalwerk: Teenwoordige tyd	Maandag het ons geleer oor die teenwoordige tyd. Skryf die sinne op Werkvel 9 oor in die teenwoordige tyd. (Werkvel 9)
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 3'e van 0 – 30. (Dit is baie belangrik om eers hierdie patroon goed vas te lê voordat ons die getalgebied uitbrei.)
Getalle & bewerkings	- Getalname (bv. ses en tagtig): 65 , 79 , 87 , 53 , 94 - Getalpatrone: 18 21 ___ ___ ___ 33 ___ ___ ___ ___ 20 25 ___ ___ 40 ___ 2 7 12 ___ ___ ___ ___ ___ 32 ___ ___ ___ 16 12 ___ 4 ___ ___ ___ 97 98 99 ___ ___
Woordsom	Mamma pluk 26 appels. Sy verdeel dit tussen 5 maatjies. Hoeveel **appels** kry elkeen en hoeveel **bly oor**?
Konsep van die dag: Getal 13	Vandag gaan ons 'n bietjie kyk na getal 13. In jou huiswerkflippie is daar 'n takie oor getal 13. Voltooi daardie takie om jou te help om getal 13 sommer goed te leer ken. Daar waar staan *ontbind: tiene en ene*, werk dit so: 13 = 10 + 3 → t 1 + e 3 (*t* staan vir tiene, daar is 1 tien in 13 en *e* staan vir ene, daar is 3 ene in 13). Onthou by die hondjies werk ons met *maats van 13* → die twee getalle wat onder mekaar staan, moet saam 13 maak.
Lewensvaardigheid	
Wilde diere	Vandag kyk ons na leeus. (Werkvel 8)

Graad 2: Donderdag, 14 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: kl-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. kliphuis, klimraam: klam + ste ; klip + huis ; klim + raam ; klop + jag ; op + klaar ; kloof + saag ; klei + man ; vas + klou ; piep + klein ; kleur + kryt
Geheuesin	Die bome se blare verkleur in die herfs.
Lees	Lees die leesstuk oor renosters hardop. (Werkvel 13)
Skeppende skryfwerk	Skryf die storie van *Gouelokkies en die drie bere* in jou eie woorde. Vra vir Mamma/Pappa om weer hierdie storie vir jou te vertel of kyk na die video om so 'n bietjie jou geheue te verfris.
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 4'e van 0 – 40. (Hierdie konsep is vir baie maats nog moeilik, gereelde oefening en vaslegging word aanbeveel.)
Getalle & bewerkings	- Treintjiesomme: Getal 13 (Werkvel 11) - Geldsomme: R10 – R4.50 ; R5 – R3.50 ; R20 – R2.50 ; R10 – R8.50 - Rangskik van klein na groot: 29 81 31 12 107 54 ; 70 43 19 27 85 36 - Rangskik van groot na klein: 68 51 28 37 146 94 ; 7 90 48 85 21 117
Woordsom	Abrie het 27 albasters. Hy deel dit uit vir 4 maats. Hoeveel **albasters** kry elkeen en hoeveel **bly oor**?
Konsep van die dag: Kalender	Hersien die dae van die week en die maande van die jaar. Voltooi dan die werkvel oor die kalender. U kan mondelings nog soortgelyke vrae vra na aanleidig van Mei se kalender. (Werkvel 10)
Lewensvaardigheid	
Wilde diere	Vandag kyk ons na renosters. (Werkvel 13)

Graad 2: Vrydag, 15 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: kn-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. kniekop, afknou: knop + kierie ; vas + knoop ; ge + knak ; knie + kop ; ge + kners ; knor + pot ; knaag + dier ; knyp + tang ; knip + mes ; knal + gas ; af + knou ; kneus + plek ; hof + knaap ; knap + sak
Geheuesin	Die bome se blare verkleur in die herfs. (Maak deel van klanketoets.)
Lees	Lees die leesstuk oor Knerses Knaagdier. (Werkvel 15)
Taalwerk: Sinonieme & Antonieme	Gebruik Werkvel 15 om jou te help om die woorde in konteks te lees indien jy sukkel met van hierdie antwoorde. Beantwoord mondelings. - Gee <u>sinonieme</u> vir die volgende woorde uit die leesstuk oor Knerses: woon, heerlike, soms, af, yslike, skuil, uitgeput - Gee <u>antonieme (teenoorgesteldes)</u> vir die volgende woorde: lekker, dik, soms, styf, vinnig, baie
Klanketoets	Laat Mamma/Pappa vir jou 10 saamgestelde woorde vra uit al hierdie week se woorde. Onthou van die geheuesin!
Phonics test	Gebruik Werkvel 16 as 'n toetsie om te kyk of jy nog al die woorde kan onthou wat ons die afgelope paar weke geoefen het. (Werkvel 16)
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 3'e van 0 – 30. Tel aan in 4'e van 0 – 40.
Analoogtyd	Kyk wat jy nog alles kan onthou oor tyd en tydsverloop. (Werkvel 17)
Tangramme	Bou die volgende prentjies met jou tangram: 13, 48, 54
Woordsom	Ek verdeel 19 koekies tussen 4 maats. Hoeveel **<u>koekies</u>** kry elkeen en hoeveel **<u>bly oor</u>**?
Konsep van die dag: Breuke	Vandag kyk ons weer na breuke. Breuke onstaan mos wanneer ons iets in ewe groot dele verdeel. Kyk of jy nog kan onthou hoe om met breuke te werk. (Werkvel 12)
Lewensvaardigheid	
Wilde diere	Die laaste lid van die Groot Vyf is die luiperd. (Werkvel 14)

SKAKELS NA YOUTUBE VIDEO'S

Afrikaans

Gouelokkies: https://youtu.be/GM25wBdq1Vg

Sinonieme en antonieme: https://youtu.be/G-voeE8BlK0

Wiskunde

Tel in 2: https://youtu.be/JsUvftq2LC8

Tel in 3: https://youtu.be/FVCI4-e-A-k

Tel in 5: https://youtu.be/2STSngReBMI

Tel in 10: https://youtu.be/_yr-IuM4SEA

Tangramme (verrykend): https://youtu.be/mUtmIlG9-Ks

Engels

Days of the week: https://youtu.be/V1Im3u9cFEw

Activities: https://youtu.be/qD1pnquN_DM

Day and night: https://youtu.be/4XP0zdN8icM

The I – sound: https://youtu.be/4602pHQCB20

Letterland I – song: https://youtu.be/31NAJb5wzWk

Lewensvaardigheid

Wilde diere: https://youtu.be/amsiu-l1UL8

Die leeu: https://youtu.be/K1UO_WHLkvU



Indien julle na stories wil luister terwyl julle die teks volg, gebruik gerus hierdie skakel. Jy kan soms ook die klank afsit en dan self die stories lees.

https://www.youtube.com/channel/UC3704tWXiJzaqzy_9ykfJBA

Onthou: Hierdie is net 'n lekker aktiwiteit, dit is nie verpligtend nie!

Werkvel 1: Die Groot Vyf

Die Groot Vyf is 'n groep wilde diere wat oorspronklik die gewildste was vir wildjagters in Afrika. Die groep bestaan uit die leeu, olifant, buffel, luiperd en renoster. Hierdie diere is gekies omdat hulle besonder moeilik is om te jag. Hulle is nie gekies vir hul grootte nie – dis die rede waarom die reuse seekoei byvoorbeeld nie op die lys is nie. Die Groot Vyf word ook beskou as die vyf gevaarlikste diere in Afrika.

Werkvel 2: Buffels

Buffels leef in troppe. Wanneer daar gevaar is, kom die koeie en kalfies in die middel van die trop bymekaar en word hulle deur die bulle beskerm. Sommige buffels kan tot 1,7m groot word.

Werkvel 3: Somme in ruiteblok

Gebruik elke keer die getal aan die begin van die ry om elke som se antwoord te kry. Onthou dit is NIE treintjiesomme NIE!

	− 3	+ 5	− 2	− 4	+ 4	+ 10
(bv.) 14	11	19	12	10	18	24
18						
32						
21						
44						
50						

Werkvel 4: Teenwoordige tyd

Wanneer jy iets in die teenwoordige tyd skryf, beteken dit dit gebeur nou – dit is besig om te gebeur. Nou gebruik ons nie meer "*ge-*", "*het*" of "*sal*" nie, bv. Ek speel lekker. Ons eet koek. Ek is in die klas. Ek slaap.

Ons gaan sinne op 2 maniere in die teenwoordige tyd skryf. Soms gaan ons met "Vandag" begin en soms met 'n ander woord, bv:

Skryf oor in die teenwoordige tyd: **Jannie het die bal geskop.** 1. Vandag skop Jannie die bal. 2. Jannie skop die bal. (Antwoord 1 en 2 is albei korrek.)
Skryf oor in die teenwoordige tyd: **Ons sal baie lekker swem.** 1. Vandag swem ons baie lekker. 2. Ons swem baie lekker.

Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd. Probeer dit op albei maniere skryf. Die eerste woord van elke sin word vir jou gegee.

1. Biebie het 'n boek gelees.

   Biebie _____

   Vandag _____

2. Die kat sal die muis jaag.

   Die kat _____

   Vandag _____

   (Doen nog 'n paar voorbeelde mondelings om die begrip vas te lê.)

Werkvel 5: Pylnotasie +

Dit is hoe ons hierdie somme gaan uitskryf in Graad 2: bv. 29 + 13

1. Breek eers vir jouself elke getal op in tiene en ene.	20 9 10 3 29 + 13
2. Tel eers die tiene (20 en 10) byme-kaar. (Ons maak 'n →, want die som is nog nie klaar nie.)	29 + 13 20 + 10 → 30
3. Nou gaan ons die ene (9 en 3) begin byvoeg. Sit altyd die grootste ene-getal eerste by (9 is meer as 3), want dan is stap 4 makliker.	29 + 13 20 + 10 → 30 + 9 → 39
4. Nou moet ons nog net die ander ene-getal (3) bytel.	29 + 13 20 + 10 → 30 + 9 → 39 + 3 = 42

Hier is nog 'n paar voorbeelde:

Ons som is 15 + 18:	Ons som is 26 + 29:
10 + 10 → 20 + 8 → 28 + 5 = 33	20 + 20 → 40 + 9 → 49 + 6 = 55

Werkvel 6: Olifante

Olifante is die grootste soogdiere op land. Hulle is in gevaar omdat wilddiewe hulle vir hul ivoortande jag. Hierdie tande groei hul lewens lank. Hulle gebruik hul slurpe om wortels, vrugte en water na hul monde toe te bring. Hulle eet tot 200 kilogram voedsel per dag en drink 190 liter water.

Werkvel 7: Grafiek

Die Graad 2's het gestem vir hul gunsteling flieks. Gebruik die inligting op die grafiek om die vrae te beantwoord.



Hoeveel kinders het altesaam gestem?

Hoeveel kinders hou van elke tipe fliek? komedie = ____ ; aksie = ____ ;

romanties = ____ ; drama = ____ ; sci-fi = ____

Wat is die som van aksie en drama?

Wat is die verskil tussen romanties en komedie?

Hoeveel is die aksie meer as die sci-fi?

Vir watter 2 tipe flieks het ewe veel kinders gestem?

Hoeveel minder kinders hou van drama as romanties?

Watter tipe fliek is die gewildste?

Van watter tipe fliek hou die kinders die minste?

Werkvel 8: Leeus

Die leeu behoort aan die katfamilie. Hy word as die koning van die diereryk beskou. Leeus jag diere soos bokke en sebras (ons sê die bokke en sebras is die leeus se prooi). Die wyfies doen die meeste jagwerk. Hulle jag dikwels in groepe. Leeus verkies dit om op oop grasvlaktes te leef. Hulle kan baie hard brul.

Werkvel 9: Teenwoordige tyd

Skryf die sinne oor in die **teenwoordige tyd**. Die eerste woord van die eerste vier sinne is klaar vir jou gegee. By die vyfde sin kan jy kies met watter woord jy jou sin wil begin.

Jan het 'n appel geëet. → Vandag _____

_____

Jan het 'n appel geëet. → Jan _____

_____

Sy sal 'n groot koek bak. → Vandag _____

_____

Sy sal 'n groot koek bak. → Sy _____

_____

Pappa het die blou bal geskop. → _____

_____

Werkvel 10: Kalender

Voltooi die kalender van Mei 2020 en beantwoord dan die vrae:

Maand:					Jaar:	
So.	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sa.

Op watter dag begin Mei?

Hoeveel dae is daar in Mei

Op watter dag val 23 Mei?

Watter maand kom na Mei?

Hoeveel Woensdae is daar in Mei?

Op watter dag val 30 April?

Vandag is 3 Mei. Wat is die datum oor 2 weke?

Wat is die datum van die tweede Dinsdag in Mei?

Piet verjaar 6 Mei en Jan verjaar 25 Mei. Wie is die oudste?

Wat is die dag en datum 3 weke na 5 Mei?

Watter dag van die week is 28 Mei?

Werkvel 11: Treintjiesomme

3 + 4 + 6 =	13 – – 6 = 5	7 + 4 + = 13
13 – 6 – 4 =	+ 3 + 5 = 13	13 – – 5 = 2
8 + 2 + = 13	13 – 5 – 5 =	5 + + 2 = 13
13 – 2 – = 8	5 + 6 + 2 =	– 9 – 1 = 3
4 + + 5 = 13	13 – 3 – = 8	+ 4 + 8 = 13

Werkvel 12: Breuke



Deel die vorms op in breukdele:

halwes kwarte vyfdes derdes



Deel die vorms in breukdele op en kleur dan die korrekte breuke in:



Werkvel 13: Renosters

Daar is twee soorte renosters, die swart renoster en die wit renoster. Hulle kan nie baie goed sien nie, maar hulle het 'n baie fyn reuksin. Hulle is baie groot en kan tot 2500 kg weeg. Hulle word gereeld deur jagters en wilddiewe gejag vir hul horings. Ons moet hulle teen jagters beskerm wat hulle vir hul horings jag.

Werkvel 14: Luiperds

Die volwasse luiperd kan tot 2 meter lank word. Sy pels is ligbruin met swart kolle. Hy kan goed boomklim en jag. Hy trek sy prooi maklik in 'n boom om daar te vreet.

Werkvel 15: Knerses Knaagdier

Knerses is 'n vaalbruin knaagdier. Hy woon in boer Ben se mielieland. Hy knibbel sy magie trommeldik aan die heerlike ryp mielies. Soms grawe hy 'n knol uit boer se groentetuin. Hy kneus die knol en drink die lekker sap. Eendag kom boer se kneg. Hy pluk al die mielies af! Knerses knip sy ogies. Droom hy dalk? Skielik hoor hy boer se geweer knal. Hy hoor ook boer se hond knor. Hy spits sy oortjies en sy beentjies bewe, want hy is nou in die knyp. Hy gryp sy knapsak en knoop dit styf toe. Hy hardloop so vinnig dat sy beentjies wil knak. Hy hardloop na sy maatjie, Evert Eekhoring. Hy kap sy knie teen die knoets van die boom. Onmiddellik sit daar 'n yslike knop. "Jy lyk baie moeg," sê Evert. Knerses is uitgeput. Hy knik met sy koppie. "Kom skuil hier by my," sê Evert vriendelik.

Werkvel 16: Phonics test

Rewrite these sentences and fill in the correct word in the place of the picture in each sentence. (Revision of f -, h -, k - and l -sounds.)

1. The box fell on my .
2. I wear a on my head.
3. The boy can fly his  .
4. We put the on the pot.
5. There are candles on the cake.
6. The sits on her nest.
7. I open the door with my .
8. We sit on the in the woods.
9. Mom puts on the to make some tea.
10. When it is dark, we switch on the .
11. We turn on the  when it is hot.

Werkvel 17: Analoogtyd

1. Hoe laat is dit? Skryf die analoogtyd.

		
		

2. Lees die tyd en teken die uur- en minuutwysers.

			
half 5	5 uur	kwart oor 5	kwart voor 5
			
aguur	kwart oor elf	halftwaalf	kwart voor een

3. Hoeveel minute is in: 'n uur _____ 'n halfuur _____ 'n kwartier _____?

4. Tennis begin 2 uur en is 'n halfuur lank. Hoe laat is dit klaar?

5. As dit nou 2 uur is, hoe laat sal dit wees oor 15 minute?

ADDISIONELE WERKVEL

1. Begripstoets: Ruan se doenlysie

Maandag:	Ek moet my kamer skoonmaak, want Ouma kom kuier.
Dinsdag:	Neem Ore veearts toe vir sy inspuitings.
Woensdag:	Help my pa om sy vuil kar te was.
Donderdag:	Help vir Ouma om pienk en geel blomme te plant.
Vrydag:	Maak vir Mamma 'n Moedersdagkaartjie.
Saterdag:	Gaan na my beste maatjie langsaan se partytjie toe.
Sondag:	Ry op my blou fiets in die straat rond.

Wat moet Ruan Maandag doen?

Hoekom moet hy sy kamer skoonmaak?

Hoekom moet Ore veearts toe gaan?

Wat doen Ruan Vrydag?

Waar woon Ruan se beste maatjie?

Watter kleur is Ruan se fiets?

2. Woordsomme

2.1 Mamma koop 14 worsies. Sy deel dit gelykop tussen 4 maats. Hoeveel worsies kry elke maat en hoeveel bly oor?

2.2 Die geelspan het 26 punte en die rooies het 13 meer. Hoeveel punte het die rooies?

2.3 Jan het 24 albasters. Hy deel dit gelykop tussen 4 maats. Hoeveel albasters kry elke maat?

2.4 Hoeveel pote het 7 honde?

2.5 Ek het R20 in my beursie. Ek koop 'n roomys van R5.50. Hoeveel kleingeld (R) kry elk?

ADDISONELE WERKVEL

3. Verdubbel	4. Halveer
38 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	24 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
54 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	16 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
26 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	42 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
49 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	68 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
25 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	102 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
30 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	34 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
17 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	76 = ____ + ____ ____ + ____ = ____

ADDISIONELE WERKVEL

5. Patroonwerk:

5.1 Voltooi die getalpatrone.

3	6	___	___	___	18	___	___
___	___	25	30	___	___	45	___
___	40	___	___	___	32	30	28
36	___	___	___	20	16	___	8
11	21	31	___	___	___	___	___
3	8	13	___	___	___	___	___

5.2 Voltooi die groeiende patrone.



o	oo	ooo			

5.3 Ontwerp jou eie **herhalende** patroon. Gebruik driehoeke en sirkels.

ADDISIONELE WERKVEL

6. Watter breuk is ingekleur op elke prentjie?



7. Doen die volgende pylnotasie plussomme:

bv. 24 + 19

20 + 10 → 30 + 9 → 39 + 4 = 43

26 + 14
12 + 19
15 + 27
28 + 25

ADDISIONELE WERKVEL



8. Taalwerk:

Die hen is in die hok. Sy roep haar kuikens en skrop in die grond. Die kuikens hardloop nader.

8.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**: Die hen skrop in die grond.

8.2 Skryf die sin in die **toekomende tyd**: Die hen skrop in die grond.

8.3 Skryf die sin in die **teenwoordige tyd**: Die hen was in die hok.

8.4 Vul die regte **voorsetsels** in:

8.4.1 Die hen is _____ die hok.

8.4.2 Die kuiken kruip _____ die hen se vlerk in.

8.4.3 Hulle pik _____ die mielies.

aan
in
onder

8.5 Breek die woorde op in **lettergrepe**:

kuikens	
hoenderhok	
hardloop	

8.6 Skryf die sinne oor en gebruik die regte **leestekens**:

8.6.1 die hoenders is in die hok

8.6.2 ons noem die hen sommer hettie

8.6.3 jy trap op die eiers